



Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

4 JULIE 2025 - JAARGANG 57-1683

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
2 Julie 2025 - 60.03%
2 Julie 2024 - 83.85%
Reënval vir die week:
16.8mm

MBD
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Munisipaliteite se leierskap verander



Daar het verandering in beide Cederberg en Matzikama se leierskap plaasgevind. Lees die volledige berigte op bl. 3.
Foto's: Annemarie Munnik en Mariaan Smuts.

Lees binne:

CSS verloor oudskoolhoof
bl 2

Eienaar hang hond
bl 3

Boksers hou koppe hoog
bl 8

Weervoorspelling vir die week
MBD
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 03/07 6°/17°	Vry. 04/07 7°/17°	Sat. 05/07 7°/16°	Son. 06/07 4°/16°
Ma. 07/07 1°/16°	Di. 08/07 6°/24°	Wo. 09/07 4°/24°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 02 Julie 2025

**PROTEA DRUKKERY**
Centralstraat, Vredendal
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com
Tel: 027 213 2074



FAKTUUR/INVOICE
KWITANSIE/RECEIPT
BESTELLING/ORDER
AFLEWERINGSNOTA
PRE-CHECKLIST
JOBKAARTE
DEBIETNOTAS

Ontwerp en druk van boeke
Maak van stempels
Kontak ons gerus vir 'n gratis kwotasie

Beste operasionele lid

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Gershwin Gentles is op 30 Junie deur die Vanrhynsdorp SAPD se stasiebestuur aangewys as die beste operasionele lid van 2025 se eerste kwartaal. Hierdie titel besorg aan hom die gesogde Allan Kotze Wisseltrofee vir die mees onbaatsugtige, toegewyde en hardwerkende lid wat hom stof laat skop in die oë van sy kollegas.

Sy skofbevelvoerder, sersant Berenice Strauss, het die lid geloof vir sy individuele prestasie en noem dat sy baie op hom staatmaak. "Hierdie passievolle, jong polisieman van onbesproke karakter en goeie dissipline hou nog groot belofte vir die diens in, en is ek baie trots op hom," aldus kaptein Gerrit Ludick Vanrhynsdorp SAPD stasiebevelvoerder.



Gershwin Gentles en kaptein Gerrit Ludick.

CSS verloor oudskoolhoof

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Patrick Leonard Munnik, beter bekend as Lennie, is op 26 September 1957 te Belgravia, Athlone gebore. Munnik het sy laerskoolopleiding by die Sunnyside Primary School voltooi waarna hy in 1975 aan die Belgravia Hoërskool gematrikuleer het.

Na matriek het Munnik 'n skoolvriend, Jeffery Velensky genooi om saam met hom Clanwilliam toe te gaan vir die vakansie. Hy en Velensky het duimgegooi na Clanwilliam waar hulle die hele somervakansie by sy ouma en oupa gekuier het. In 1976 het die twee maats hulle opleiding by die Hewat Opleidingskollege voltooi. Die twee het daarna byna elke vakansie in Clanwilliam gekuier waar hulle ook later saam die onderwys betree het.

In 1979 begin Munnik sy onderwysloopbaan by Cecil Road Primary School te Soutrivier. Hy tree in 1983 in die huwelik met Sandra Damonze. Die egpaar het twee kinders, Christo Patrick Dawid en Shanel Lenesia. Gedurende 1980 aanvaar hy 'n onderwyspos by Sederberg Primêr in Clanwilliam. In 1980 word hy oorgeplaas na die nuutgeboude Clanwilliam Senior Sekondêr. Hy verbeter sy kwalifikasie aan die Opleidingskollege Roggebaai en verwerf sy HOD IV in 1992. In 1996 word Munnik bevorder tot hoof by Clanwilliam Senior Sekondêr, maar studeer verder en in 1997 behaal hy sy BA graad Cum Laude by UNISA. Hy onderrig Engels vir graad 12 leerders.

In 1990 aanvaar Velensky ook 'n pos by Sederberg Primêr en in 1997 by Clanwilliam Senior Sekondêr. Deur al die jare het die twee vriende dus kontak met mekaar behou.

Munnik was baie lief vir lees. Gedurende sy loopbaan behaal hy telkens 100% vir EFAL graad 12. Hy was nooit laat vir skool nie en altyd netjies geklee. Na skool, wanneer ander onderwysers huis toe gegaan het, het hy nog by die skool gebly. Munnik was ook nooit afwesig nie en altyd op die sportveld betrokke. By atletiekbyeenkomste was hy podium beempte.

In 2019 verlaat hy na 40 jaar die onderwys, waarna hy die nuwe skoolhoof, Dan Snygans, help met 'n aflospos. Op 19 Junie vanjaar, in die ouderdom van 67 jaar en 9 maande, sterf Munnik na 'n massiewe hartaanval in die Tygerberg Hospitaal.

Sy roudiens is op Donderdag, 26 Junie gehou. Sy begrafnis op Saterdag, 28 Junie was gelei deur een van sy oudleerders, dokter Shaun Burrows. Munnik laat sy vrou, Sandra, seun Christo, dogter Shanel, skoonseun Nolin en 4 kleinkinders na.



Voormalige skoolhoof van Clanwilliam Senior Sekondêr, Lennie Munnik.

Wees waaksaam vir swendelaars

Berig: Annemarie Munnik

MATZIKAMA/CEDERBERG: Die publiek word weereens gewaarsku om waaksaam te wees teen die toenemende bedreiging van aanlyn-swendelary en bedrieglike aktiwiteite. Kaptein Ludick van Vanrhynsdorp SAPD noem dat persone steeds deelneem aan telefoniese gesprekke met mense wat hul voordoen as werknemers van die bank, wat hul dan van hul geld beroof. Volgens Ludick is daar, in Junie alleen, vier bedrogsake aangemeld waar aansienlik groot bedrae geld ter sprake was.

Swendelary gebruik misleidende metodes om persoonlike inligting, geld en

identiteite te steel deur middel van e-posse, telefoonoprope, vals webwerwe en sosiale media platforms.

Moet nooit persoonlike of finansiële inligting met ongeverifieerde bronne deel nie. Verifieer die identiteit van enigiemand wat geld of sensitiewe data aanvra.

Gebruik sterk wagwoorde en aktiveer tweefaktor-verifikasie, soos vingerafdrukke en gesigverifikasie. Moenie op verdagte skakels klik of aanhangsels van onbekende senders aflaai nie. Rapporteer verdagte aktiwiteite aan plaaslike owerhede of die bank.

Jong man sterf na woordewisseling

Berig: Annemarie Munnik
Foto's: Verskaf

LUZVILLE: 'n Woordewisseling oor 'n selfoon het Vrydag, 27 Junie gelei tot 'n moord in Mbeki Square.

Christo Januarie (18) van Lofdal is tydens

die woordewisseling drie keer met 'n mes gestek. Die beskuldigde, ook 18 jaar oud, het op Maandag, 30 Junie in die hof op Lutzville verskyn.



Inwoners staan rond terwyl die SAPD die toneel ondersoek.



SAPD en forensies op die toneel in Mbeki Square.

WINTER KOFFIEKROEG met **Roland Miggels**

TEMA
Wat dit is om sukses in Christus te behaal!

MOTIVERINGSSPREKERS
Etienne Matwan
Leigh Kordom

Wanneer: 07 Julie 2016
Waar: Jakkerland Speelkring
Toegang: GRATIS
Tyd: 18:00 (Guur)

Heerlike winter Versnapperings te koop wees!

NAGSKIET SOSIAAL

Kom beleef die opwindende van skiet onder die sterre!

DATUM:
Saterdag, 12 Julie 2025

PLEK:
Pietie Hamman Skietbaan, Vredendal

In samewerking met KaapJag

BEMARKING DEUR: BeLief media
059 610 8000 | beliefmedia@gmail.com

KAAPJAG NAMAKWA-TAK

Clanwilliam DORPSMARK

Ondersteun plaaslike entrepreneurs en organisasies
Kom kuier saam!

Bespreek 'n stalletjie: Ilse - 083 328 4575

05-07-2025

- Grasperk langs die Biblioteek
- 09:00 - 12:00
- groente & vrugte
- vars gebak
- beskuit, brood, pannekoek
- wit olifant
- 2de handse klere & boeke
- Ingemaak

Eerste Saterdag van die maand

VGK KOOR KLAWER

05 Julie 2025

KERRIE AFVAL OP WIT MIELIES MET SOET PATAT

Teen R50 per bak
Bestel nou!!
Melinda - 063 159 7684

Skokkende videos van hond wat hang Cederberg kry nuwe leierskap

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL-NOORD: Skokkende videos en foto's is op Sondag, 29 Junie op die Facebook bladsye van Matzikama Animal Care and Welfare (MACAW) en Angel Project gedeel waarin gesien kon word hoe 'n brandmaer Jack Russel-kruising, Lion, deur sy eienaar met 'n tou om die nek na 'n boom in die tuin gelei word. Die man hang dan die hond aan die boom op, los hom daar vir die dood, en gaan sit dan op die trappie en drink terwyl die hond vir sy lewe veg. Volgens die Angel Project se Facebookblad het die hond tussen 5 en 10 minute aan die boom gehang. Die insident het op Saterdag, 28 Junie plaasgevind. Wetstoepassers het Angel Project gekontak om te help. Met Angel Project se aankoms was die Lion in 'n toestand en die eienaar onder die invloed. Die eienaar is deur wetstoepassers na die plaaslike SAPD geneem. Hy is weer Sondagoggend vrygelaat. MACAW het die uitgeteerde Lion ingeneem en versorg totdat hy Maandagoggend deur dokter Van Dijk by Vredendal Dierehospitaal behandel kon word. Dit was duidelik dat hy baie siek was. Dokter Van Dijk het Lion met limfoom gediagnoseer. Lion het ook uitgebreide limfatiese knoppe op sy nek, onder sy voorbene en lieste gehad. Lion was oor die algemeen in 'n slegte toestand, lusteloos en het geen eellus gehad nie. Alles tekens dat die kanker al deur sy liggaam versprei het. Die beste besluit was om hom uit te sit. Janine Stoman-Van Zyl van Angel Project sê hulle het Sondagaand 'n saak van dieremishandeling aanhangig gemaak.

Sy het ook die Nasionale Diereskermingsvereniging gekontak. Hulle wag vir 'n volledige verslag. Sy sê hulle gaan nie die saak hier los nie. Sy was ook Maandag met 'n aanklaer in kontak. Waffie Smit van MACAW sê hulle kry gereeld honde wat mishandel is. Dan moet hulle óf die hond self dokter, óf diere met meer ernstiger beserings veearts toe neem. Beide MACAW en die Angel Project beskik nie oor die vermoë om hierdie uitgawes te dra om mishandelde diere, siek diere, of diere wat raakgery is, te versorg nie. Hierdie nie-winsgewende organisasies is afhanklik van die publiek vir donasies. Nie net om kos en medisyne te koop en ander uitgawes te dek nie, maar ook om veearts onkoste te betaal. Die SAPD het bevestig dat daar 'n saak van dieremishandeling aanhangig gemaak is.



Lion tydens sy veearts ondersoek. Foto: Verskaf.

Raadsverrigtinge in hof betwis

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Raadslede van die Demokratiese Alliansie (DA), wat saam met die Vryheidsfront voorheen Matzikama Munisipaliteit regeer het voor die verandering in leierskap op 29 Mei, het op 26 Junie die raadsverrigtinge van 29 Mei betwis. Regter Le Grange van die Hooggeregshof het in die DA se guns beslis en die verrigtinge van 29 Mei as onwettig en ongrondwetlik verklaar. Die uitspraak beteken dat die posisies

van die burgemeester, adjunkburgemeester en Speaker terugkeer na die persone wat die rolle beklee het voor die verandering op 29 Mei. Johan van der Hoven is dus weer burgemeester, Amelia Job, adjunkburgemeester en Andreas Syndiyamba die Speaker. Ons Kontrei het navrae aan Matzikama Munisipaliteit gerig, maar teen druktyd nie terugvoering ontvang nie.

Berig: Mariaan Smuts
Foto's: Verskaf

CEDERBERG: 'n Mosie van wantroue is op Maandag, 30 Junie teen die burgemeester van Cederberg Munisipaliteit, dokter Ruben Richards, voor die raad ter tafel gelê. Die mosie, onderteken deur drie DA-raadslede en een PA-raadslid, is na die burgemeester se reaksie tot stemming geroep. Hierdie raadslede het gestem vir die verwydering van die burgemeester uit sy amp. Vier CE, twee ANC en een VF+ raadslid het gestem vir die verwerping van die mosie van wantroue. Die mosie van wantroue is afgewys met die meerderheid raadslede wat ten gunste daarvan gestem het. Dokter Ruben Richards, uitvoerende burgemeester, en Azrial Scheepers, onderburgemeester, het beide uit hul posisies bedank. Hierdie posisies van uitvoerende burgemeester en onderburgemeester is deur middel van 'n geheime stemming met nuwe bloed vervang. Azrial Scheepers is as nuwe uitvoerende burgemeester verkies. Daar was twee nominasies vir die burgemeestersverkiezing, naamlik raadslid dokter John Hayes en dokter Ruben

Richards. Die verkiesingsuitslae was as volg: Azrial Scheepers is as nuwe uitvoerende burgemeester verkies en dokter Ruben Richards was die enigste genomineerde vir die onderburgemeestersposisie wat die verkiesing eenparig gemaak het. Die Cederberg Munisipaliteit se koalisie bly in plek, bestaande uit die CE, ANC en VF+, maar met 'n vars nuwe leierskap uitkyk. Raadslid Joseph Farmer van die PA het die nuutverkose burgemeester en onderburgemeester geluk gewens met hul posisies.



Die Speaker raadslid Maxwell Heins hang die ketting van uitvoerende burgemeester om Azrial Scheepers se nek.

TRONOX

TENDER

Name: LearnerTransport Project, Namakwa Sands
Tender Enquiry Number: E25014
Description: Transportation of learners
Routes: Doring Bay to Nuwerus Route 1
Stofkraal, Molsvlei, Rietpoort to Nuwerus Route 2
Bitterfontein to Nuwerus Route 3
Project Site: Routes as per above

Tender Closing Date: 8 July 2025	Tender Closing Time: 16:00	Time Zone: SA Time
----------------------------------	----------------------------	--------------------

REQUEST FOR QUOTATION

Tronox is seeking qualified service providers with ready-to-deploy vehicles and trained operators to join the Learner Transport Project initiative.

You are hereby requested to submit a tender, complete with there requested information for the referenced Scope of Work in accordance with Tender. Please e-mail noluthando.zulu@tronox.com by 8 July 2025, 16:00.

Queries per taining to this Tender are to be directed to:

Contact: Amalia Weir/Noluthando Zulu	Tel No.: 035 902 7566	Email Address: Noluthando.zulu@tronox.com Amalia.weir@tronox.com
--------------------------------------	-----------------------	---

Requirements:

- All proposals must be received by email prior to the quotation closingdate and time specified above.
- The Email heading must state: **E25014- Learner Transport Supplier Name**
- The tender to be submitted as per scope of works by Tuesday, 8 July 2025 and must be emailed to address:Noluthando.zulu@tronox.com by 16:00.

Please Note the Following Requirements for All Vehicles and Drivers:

- Code14/EC License with PDP
- Air-conditioning
- Lapbelts
- 3 PointSeat belts
- FirstAid kit
- Triangles
- x2 Fire extinguishers
- Stop Blocks

Compliance Documents:

- CIPC Document
- Valid Tax Certificate
- BBBEE Certificate/Affidavit
- Letter of Good standing COIDA
- Public Liability Insurance
- Vehicle Registration Documents

Please note that these above documents are to be attached and sent with the tender before the closing date. Service providers from Ward 2 (Doring Bay) and Ward 8 (Molsvlei, Rietpoort, Stofkraal, Bitterfontein) are encouraged to apply

TRANSPORTATION OF SCHOOL LEARNERS - BITTERFONTEIN

Pick-up point	Number of learners	Frequency	Time	Drop point off	Km	Total Kms per month	Rate per month per vehicle
Bitterfontein	54	5 days (Mon - Fri)	07:00	Nuwerus High	17	714	
Nuwerus High		5 days (Mon - Fri)	14:00	Bitterfontein			

Indicate below the type of vehicle to be used to transport the learners:

Type of vehicle	No. of seats	No vehicles
Bus	60	1

12 JULIE 2025

LOUWSRUS (SW VAN ZYL), LEIPOLDVILLE
18:30 VIR 19:00

VOLWASSENES:
R300 ENKEL / R500 DUBBEL

SKOLIERE: R200 PP

VOORSKOOL: R75 PP

KROEG BESKIKBAAR

DRAG: WESTERN / JEANS
SMASHBURGER & CHIPS INGESLUIT
DEUR DIE CEEHOEDJIE FOODTRUCK

KAARTJIES:
BOETA GENIS: 083 601 6456
MARILJE VOM: 083 446 2599
SAMANTA KOEGELENBERG: 083 420 5008
WWW.KAARKIES.CO.ZA

SANDVELD WINTERDANS

MET JAY

Ten bate van Clanwilliam Expo Restourasie

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

CLANWILLIAM:

Dorpsmark
Saterdag, 5 Julie
09:00 - 12:00

Plek: Grasperk langs biblioteek

KLAWER:

VGK Koor Klawer
Saterdag, 5 Julie
Kerrie afval op wit mielies
met soetpatat
R50 per bak
Kontak Melinda 063 159 7684

VREDENDAL-NOORD:

Winter Koffiecroeg
met Roland Miggels
Maandag, 7 Julie
18:00
Jakkerland Speelkring
Gratis toegang

VREDENDAL:

Nagskiet Sosiaal
deur Kaapjag
Namakwa-tak
Saterdag, 12 Julie
Pietie Hamman Skietbaan

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za (Cederberg)

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

Desiree van Wyk 027 213 2074
Acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Veilig by Hemelse Vader

Skrifgedeelte: Psalm 131

Worsteling was daar: dalk met sonde, swaarkry, siekte of die dood. Vrae was daar: Here, waarom? Waarom ek? Waarom nou? Waarom so? Nou is daar berusting. Ek is nie meer so hoogmoedig en vol selfverheffing deur met die Here te baklei en antwoorde te eis nie. Daar is maar net dinge wat bo my vermoë is en dit help nie om daar oor besorg te raak nie. Hierdie stryd in Dawid se gemoed kán die stryd van elke gelowige wees, en die groot insig wat Dawid kry, móét dié van elke gelowige wees. Dit help nie om van God antwoorde te eis nie. Dawid besef God is

die antwoord. Daarom vergelyk hy homself met 'n gespeende kind wat teen sy ma se bors lê. Sy ma se bors is nie meer die bron van kos wat korttermynbehoefes bevredig nie. 'n Pasgebore baba wil net melk hê, anders gil hy. As hy nie meer melk by sy ma kry nie, ontdek hy die veiligheid en liefde wat sy ma se aanraking en nabyheid gee, is steeds daar.

Dawid kan by sy hemelse Vader lê en weet Hy is lief vir hom, Hy dra hom en Hy druk hom teen sy bors soos 'n moeder haar kind. Hy sorg vir hom, al kry hy nie onmiddellik alles wat hy wil hê nie.

Sy hele volk, vra Dawid, moet leer om so in

die sekerheid van sy versorging te wag op die Here, al is daar nie melk soos by die geringste gil van 'n honger kind nie. So moet ons leer om berusting te kry aan die bors van 'n hemelse Vader wat in Christus liefde bewys, waarvan niks ons kan skei nie.

Gebod: Psalm 128:1-4 (Afrikaanse vertaling 1953) 'n Bedevaartslid. Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel! Die opbrengs van jou hand sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed! Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis' jou kinders soos olyfboompietjies rondom jou tafel. Kyk, so sal sekerlik geseë word die man wat die Here vrees.

Ds AP Tredoux

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Die "Anties Bring Hoop" projek

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: Mariette Beukes en vyf vroue van Centurion, Pretoria het op Maandag, 11 Julie vertrek om plattelandse dorpe te besoek waar hulle klasse in kreatiewe kuns gaan aanbied. Die toer, wat hulle met 2 bakkies en sleepwaentjies aangepak het, strek oor 21 dae. Hulle sal onder andere aandoen in Garies, Nieuwoudtville en Lambertsbaai. In Garies en Nieuwoudtville bied hulle 'n 1-dag kursus aan, waarna hulle van Vrydag, 11 Julie tot Sondag, 13 Julie in Lambertsbaai gaan wees.

Op Vrydag, 11 Julie om 15:00 bied hulle 'n klas by Alledingen, Lambertsbaai aan. Dit sal die 11de klas op hul toer wees. "By 'n kaggelvuur is die plek waar die see se ritme en die gemeenskap se gasvryheid jou onmiddellik laat tuis voel. Geniet 'n ontspanne en inspirerende praktiese werkswinkel waar vroue leer om met lugdroogklei beeldhouwerk te doen. Geen onderverinding is nodig nie bring net jou kreatiwiteit en 'n bereidwilligheid om pret te hê! Die klas is deel van die betaalde toerprogram en elkeen se deelname help nie net haar eie kreatiewe reis nie, maar ondersteun ook die groter missie van die "Die Anties Bring Hoop." Die koste van die klasse beloop R490 per persoon en sluit alles in wat elkeen gaan benodig." Daar is beperkte plek en sy moedig mense aan om vroegtydig te bespreek by Beukes by 082 085 9492.

Die gewilde "20 Tegnieke op 10 Blokke" klas wag vir deelnemers. By hierdie klas kry elke vrou 10 blokkies. Daar is twintig verskillende tegnieke en op elke blok word 2 tegnieke gedoen. Dit beloop om 'n tegniesse klas propvol idees, inspirasie en

slim maniere te wees wat elkeen se kreatiwiteit sal aanwakker. Dis 'n ervaring, 'n ontmoeting en 'n herinnering in wording. Beukes bied daaglikse kunsklasse in Centurion aan vir 'n lewe omdat kuns haar passie is.

Die projek Ons Bring Hoop vir 'n Boervrou word befonds deur die ander dorpe se betaalde klasse wat hulle op hulle roete sal aanbied.

Beukes sê vir elke R50 donasie verskyn jou naam een keer in hulle gelukkige trekking. Vir R100 kry jy twee kanse. Indien jy die plasing met 5 vriende deel en Mariette Beukes tag, kry jy nog 'n kaartjie in die gelukkige trekking. Hoe meer jy gee/deel, hoe groter is jou kans dus om te wen. Die wenner word regstreeks op sosiale media aangekondig op 18 Julie vanuit Britstown, hul laaste dorp op die toer. Alle donasies gaan na "Die Anties Bring Hoop" projek. Om deel te neem en 'n donasie te gee, volg die skakel:

<https://www.quicket.co.za/.../307580-donasie-vir-die.../>

Volg die Anties en ons toer hier:

<https://www.facebook.com/share/g/1Dc7gX2SW6/>

Deelnemers kan 'n pragtige tafelloper en 3 stylvolle kussings van CreativeTalents wen.

Beukes sê hulle harte is vol dankbaarheid en die opgewondenheid is aansteeklik. "Elke dag kom ons een tree nader aan 'n droom wat waar word, alles is moontlik omdat julle saam met ons glo." Sy noem egter dat hulle hulp nodig het om die reis spesiaal en volhoubaar te maak en dat hulle elke bietjie ondersteuning benodig om 'n verskil te maak.



Die blokke met die kunswerke.

Waar is die lewensreddende verkeerslig?

In die 27 Junie-uitgawe van Ons Kontrei is daar met ontsteltenis berig: "Vrou verloor vroegoggend haar lewe." Hoeveel jare vra inwoners van Matzikama al vir 'n verkeerslig by Woelige Hoek? Is selfs net één persoon se dood nie die koste werd vir 'n lewensreddende verkeerslig nie? 'n Antwoord en verantwoording van die verkeersowerhede en munisipaliteit sal baie waardeer word. Ons innige simpatie met die naasbestaandes.

-Cheryl Jonker

Van galbitter tot bitter lekker

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Juffrou Anja Laing, van Augsburg Landbou Gimnasium het die potensiaal van Huis Muller se olyfboord raakgesien en ingespring met 'n suksesvolle olyfoes. Sy en 'n paar leerders het die olywe geoes, ingelê en gebottel. Die olywe moet nou eers 'n bietjie in die potjies rus, maar sal later geëet kan word. Om olywe in te lê is nie 'n grap nie. Dit neem baie tyd en geduld. Die olywe moet in skoon water lê wat gereeld vervang moet word. Laing het 330 liter olywe ingelê en 1.2 l tapenade gebottel uit die oes van Huis Muller se bome. Die skool is trots op die mylpaal wat sy bereik het. Die oes sal skynbaar later bemark en verkoop word.



Potjies met olywe en tapenades.

Super Savings

Super WINS!

Competition valid from 23 Jun - 7 Oct 2025



That's why
we SHOP at
SPAR

VALID UNTIL 6 JULY 2025 AT SELECTED STORES IN THE WESTERN CAPE

 104⁹⁹ each Save R45 WITH Rewards CARD	 64⁹⁹ each Save R25 WITH Rewards CARD	 27⁹⁹ each Save R7 WITH Rewards CARD	 49⁹⁹ each Save R15 WITH Rewards CARD	 34⁰⁰ Save R6 WITH Rewards CARD
 109⁹⁹ each Save R35 WITH Rewards CARD	 54⁹⁹ each Save R30 WITH Rewards CARD	 169⁹⁹ Save R43 WITH Rewards CARD	 199⁹⁹ each Save R100 WITH Rewards CARD	

Baker's choice 94⁹⁹ each	Fresh choice 29⁹⁹ each	Butcher's best 89⁹⁹ per kg	 159⁹⁹ per kg	 79⁹⁹ per kg	 89⁹⁹ per kg
--	--	--	------------------------------------	-----------------------------------	-----------------------------------

 120⁰⁰ Save R30 WITH Rewards CARD	 209⁹⁹ each Save R50 WITH Rewards CARD	 179⁹⁹ each Save R20 WITH Rewards CARD	 240⁰⁰ Save R50 WITH Rewards CARD
---	--	--	---

Specials available at all TOPS at SPAR stores from 2 July up to and including 6 July 2025, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Price and product availability may vary by region. Prices include VAT.

#No18 www.aware.org.za Not For Persons Under The Age Of 18.

Specials available from 2 July up to and including 6 July 2025 at all SPAR & SUPERSPAR stores in the Western Cape incl. Kakamas, Springbok, Port Nolloth, Kalahari Mall, Victoria West, River City, Carnarvon & Brays (Keimos).
Selected KWIKSPAR stores, excluding SPAR Express and SaveMor stores. Excludes store in George, Knysna & Plettenberg Bay. Selected products may not be available at all stores. While stocks last. Prices include VAT. No traders. E & OE.
No wine or pork is sold in Halaal stores. Competition ends 22 June 2025. T's and C's apply. See in-store for more.

SIGN UP FOR MORE! MORE SAVINGS. MORE WINS. MORE FOR YOU.
Maximum 5 SPAR Rewards deals per product, per customer on all **SAVE EXTRA** products. While stocks last. Ts & Cs apply.

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKking
10. GESOEK
11. VERLORE / VERMIS
12. ALGEMEEN
13. BOTE / DUIK-TOERUSTING
14. LEWENDEHAWE
15. TROETELDIERE
16. GESOEK / BENODIG
17. MEUBELS
18. MUSIEK-INSTRUMENTE
19. RADIO / TV / VIDEO
20. TUINBOUDIENSTE
21. JUWELIERSWARE
22. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
23. SPORTTOERUSTING
24. VAKANSIE
25. AKKOMMODASIE
26. REKENAARS
27. KANTOOR-TOERUSTING
28. BOUMATERIAAL
29. BOUWERK / VERF
30. VERVOER
31. AKKOMMODASIE
32. TE HUUR
33. SEKURITEIT / WAPENS
34. FIETSE
35. MASJINERIE/IMPELEMENTE
36. ONDERDELE / ENJINS
37. MOTORHERSTELWERK
38. SLEEPWAENS
39. MOTORFIETSE
40. WOONWAENS
41. VOERTUIE
42. EIENDOM
43. BETREKKINGS
44. BLINDINGS
45. ELEKTRIESE-WARE
46. GRASSNYERS
47. TE KOOP
48. TE RUIL



PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars mag hier adverteer. Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat. Advertensies mag slegs 2 keer herhaal word.

SUPER SMALLS

Beskikbaar teen R900 + BTW vir 4 plasings. Spesiale aanbod op 12 plasings.

ODD JOBS

TEL. & FAKS:
027 213 2968
Sel: 082 690 0984

Ons doen:

- ♦ Bouwerk - Steen & pleister
- ♦ Afdakke - hout & staal
- ♦ Bou van heininge (Vibracrete & Staal)
- ♦ Algemene loodgieter werk
- ♦ Teël van vloere & mure
- ♦ Installeer en herstel van plafonne, dakke en kosyne
- ♦ Herstel en lê van plaveisel

Lees Ons Kontrei aanlyn by
www.onskontrei.co.za

Wil jy graag weet wat gebeur in die omgewing? Besoek dan gerus ons aanlyn-kalender by www.onskontrei.co.za



Ons dateer die aanlyn kalender weekliks op.

Alle kerke, skole, sportklubs en instansies, stuur jul belangrike datums na
info.onskontrei1@gmail.com
sodat ons al julle belangrike datums op die kalender kan plaas.

Besoek ons aanlyn kalender by
www.onskontrei.co.za

Verken die passe in Citrusdal-omgewing

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Een van die bekendste passe in die Cederbergstreek is die Piekenierskloofpas op die N7. Dit is een van die mooiste en maklikste passe in die Wes-Kaap, met uitsigte vanaf die kruin wat dit die moeite werd maak om te stop en 'n foto te neem. Op die kruin van die pas is verskeie padstalle waar moeë reisigers kan afdraai vir iets om te eet of te drink.

Die Piekenierskloofpas was oorspronklik bekend as die Grey's Pas en vernoem na Sir George Grey wat ten tyde van die bou van die pas die goewerneur was. Die oorspronklike voetpad deur die berg het van 'n voetpad na 'n tweespoorpad ontwikkel wat deur waens gebruik is.

Die pas is later deur die toe nog onbekende Thomas Bain gebou. Grey's Pas is ongeveer 157 jaar oud en deur Bain ontwerp en gebou met ongeveer 220 gevangenes en in 1858 voltooi. Die oorsteek van die pas was moeilik en waens moes uitmekaar gehaal word en oor die steil gedeeltes na die ander kant gedra word, tot waar die pas weer sak na Eendekuil se kant toe. Soos al hoe meer reisigers die pad na die noorde gebruik het, het die plaaslike bevolking hul aangeval en beroof. Om setlaars en reisigers te beskerm, het die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie soldate met spiese, genoem piekeniers in die area gestasioneer. Dié soldate het die naam Piekenierskloof aan die pas gegee.

Toe Bain begin om 'n behoorlike pas te bou om die waspoor oor die Olifantsrivierberge te vervang, was hy nog heeltemal onbekend. Dit was die eerste pas waarvoor hy hoofsaaklik verantwoordelik was.

Na vertragings weens die Tweede Wêreldoorlog is die pas in 1958 gemoerniseer en geteer en het dit teruggekeer na sy oorspronklike naam, Piekenierskloofpas. 'n Ander roete as die een

wat deur die wadrywers gebruik was, is gekies. Die grond waarop die ou pas geloop het, is later teruggegee aan die grondeienaars.

Die middelste gedeelte bestaan nie meer, aangesien die nuwe N7 bo-oor die pad gebou is. Die gedeelte is ongeveer 2.5 km lank en loop vanaf die Piekenierskloof Lodge afdraai na die werklike kruin. Hierdie pragtige ou pas is ongelukkig nie vir die publiek toeganklik nie, maar kan nog vanaf die nuwe Piekenierskloofpas gesien word. Die pas is op twee stelle privaatgrond geleë. Die boonste gedeelte daarvan is op die eiendom van Piekenierskloof Lodge en die ander op die plaas Modderfontein. Die huisie waarin Thomas Bain en sy gesin tydens die bou van die pas gewoon het, staan steeds in die kloof op Modderfontein. Dit is pragtig gerestoureer deur die huidige eienaar, Micky Stekhoven. Gaste wat een van die 5 selfsorg-eenhede gebruik, kry stap of fietsry toegang tot die ou pas. Gaste by die lodge het te voet of per fiets toegang tot die ou pas.

Vandag se pas is 'n moderne geteerde pad, met breë skouers en genoeg ruimte om ander verkeer verby te steek. Behalwe vir die steilheid van die gedeelte van die N7 soos dit oor die Olifantsrivierberge klim, is mens nie een bewus daarvan dat dit 'n pas is nie. Die pas het indrukwekkende uitsigte oor die Olifantsvallei aan die noorde en Eendekuil aan die suide.

Op die R303 draai die N7 af na Citrusdal. Buite die dorp klim die Middelbergpas uit in die rigting van die Koue Bokkeveld. 'n Streekpad van sowat 3 km loop tot aan

die voet van die Middelberg. Die eerste pas op die roete is die Elandskloofpas, wat uit die 18de eeu dateer en 'n 7 km lange teerpad is. Dan word die R303 weer 'n grondpad. Die Elandskloofpas is die voorloper van die veel meer dramatiese Middelbergpas. Die pas bied die besoeker 'n skouspelagtige uitsig van ongeveer 70 km oor die vallei wat die begin van die Koue-Bokkeveld is.

Die Middelbergpas is 'n ware klassieke pas wat pragtige uitsigte en ruwe bergagtige terreine bied met 'n mengsel van gruis en teer met skerp haarnaalddraaie. Afhangend van watter rigting gery word, is daar ook 'n paar steil afdraandes in die rigting van Citrusdal. Die pad is geskik vir alle voertuie, maar moet gedurende nat weer versigtig aangepak word.

Die derde pas is die **Buffelshoekpas (foto onder)** en kan as deel van die Middelbergpas gesien word aangesien dit in alle opsigte die suidelike deel van die Middelbergpas is. Die drie passe vorm trio-passe en is feitlik een lang pas. Die pas kry vermoedelik sy naam van die nabygeleë Buffelshoek-landbougebied en verwant uit die teenwoordigheid van buffels in die 1800's. Die pas bied wonderlike uitsigte oor die vallei wanneer jy van noord na suid (afdraand) ry met uitsigte wat na die suide strek so ver as die oog kan sien. Dit sneeu soms op die pas, maar gedurende die somermaande is dit warm en droog.

Van die Buffelshoekpas is dit nog ongeveer 45 km grondpad tot by die baie klein dorpie Op-die-berg. Ongeveer 500 m voor Op-die-berg draai die grondpad links af na die Cederberge.



LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NUMBER T62619/2001

passed by **MARIA NOLS AND KATHRINA LEAH MARIE BOOYSEN**

in favour of **ARRIE BOTES**

Identity Number: 400907 5064 086

and

ELIZABETH JOHANNABOTES

Identity Number: 420422 0098 010

Married in community of property to each other

In respect of certain **ERF 1170, LUTZVILLE IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VAN-RHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at **VREDENDAL** on 27 JUNE 2025

SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC
3 Dorpsstreet, Vredendal, 8160
aktes@swanepoelprok.co.za
027 213 1011

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NUMBER T41627/2001

passed by **MUNICIPALITY MATZIKAMA**

in favour of **RONALD AFRICA**

Identity Number: 451117 5410 085

and

WILHELMINA AFRICA

Identity Number: 521226 0654 088

Married in community of property to each other

In respect of certain **ERF 1055 KLAVER, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VAN-RHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at **VREDENDAL** on 28 May 2025

SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC
3 Dorpsstreet, Vredendal, 8160
aktes@swanepoelprok.co.za
027 213 1011

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die **ONS KONTREI** verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Ons aanlyn kalender word deur Protea Media Sentraalstraat 8160, Vredendal 8160.

Uitgewer: Rina Oberholzer, Posbus 140 Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Karatekas gradering

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Okinawa oefenkamp en gradering by-Goju-Ryu Karatedo Kyokai (OGKK) Vanrhynsdorp se eerste gradering vir 2025 het op Saterdag, 14 Junie op Vanrhynsdorp plaasgevind. Die verrigtinge van die dag het afgeskop met 'n oefenkamp vir alle lede. Daarna het die junior gordels (kyu's) se gradering begin terwyl die senior studente met die oefenkamp voortgegaan het. Vyf en twintig karatekas het die

Karatekas van Okinawa Goju-Ryu Karatedo Kyokai.



Rhynies verwelkom assistente

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Hoërskool Vanrhynsdorp is opgewonde dat daar vanaf 1 Junie tot November 10 assistente by die skool gaan wees. Hierdie assistente gaan onder toesig van mentors, onderwysers en die opsiener van die skool waardevolle ondersteuning bied, beide in die klaskamers, asook buite. Hul sal help met akademiese aktiwiteite, asook administratiewe take en selfs om die skoolterrein skoon, netjies en veilig te hou. Die personeel verwelkom hul hartlik in die skoolgemeenskap en sien uit daarna om saam met hulle te

werk aan die konstante verbetering van die skoolomgewing. Die volgende assistente is aangewys as kurrikulum assistente vir die graad 8 en 9 klasse: Anninice van Rooyen, Jurine Hendricks, Jamie-Lee Rosenberg, Anastacia Jordaan en Julandi Kriel. Die ICT (administrasie) assistente is Chloe Valentyn en Karonne Abrahams. Bradley Wildschut en Jamiell Frans is terreinwerkers assistente. Wilfred de Bruin sal as die sport en verrykingsassistent werksaam wees.



Voor is Bradley Wildschut, Julandi Kriel, Chloe Valentyn en Jurine Hendricks. Agter is Wilfred de Bruin, Jamie-Lee Rosenberg, Jamiell Frans, Anninice van Rooyen, Anastacia Jordaan en Karonne Abrahams.

"Always be yourself, express yourself, have faith in yourself, do not go out and look for a successful personality and duplicate it."
- Brian Tracy

BETREKKING
PLAASBESTUURDER

Energieke jong man (20-30jr oud) gesoek wat onafhanklik kan werk op 'n gemengde boerdery plaas te Graafwater.

Vereistes:

- Kennis van skape, beeste en rooibos is 'n vereiste.
- Kennis van kleingrane en lusern sal in jou gunstel.
- Moet beskik oor basiese meganiese instandhoudingsvaardighede.

Stuur aansoeke na kings@trusc.co.za teen 18 Julie 2025.
Pos dadelik beskikbaar.

TENDER NOTICE


TENDER WCC/MHA/2025 CONSTRUCTION OF NEW MULTI-PURPOSE HALL AT MALMESBURY CAMPUS; CIDB Contractor Grading Designation of 7GB or higher.

Tenders are hereby invited for the above-mentioned project as set out in the specification.

Tenders in sealed envelopes, clearly marked "(TENDER: WCC/MHA/2025)", CONSTRUCTION OF NEW MULTI-PURPOSE HALL AT MALMESBURY CAMPUS can be put in the tender box at West Coast College, Central Office, 2 Loedolf Street, Malmesbury before 11:00 on Friday, 25 July 2025 at which time tenders will be opened.

A non-refundable tender fee of R300.00 per tender document must be deposited into the West Coast College Bank Account, as follows: ABSA Bank, Account No. 4052300937, Branch Code: 632005, Reference: **WCC/MHA/2025**, followed by service provider's name.

To obtain a copy of the tender documents, the proof of payment must be emailed to mparenzee@westcoastcollege.co.za with the subject line: 'Tender Document Request WCC/MHA/2025'.

A Compulsory Site Briefing Meeting will take place at West Coast College, Malmesbury Campus, 2 Loedolf Street, Malmesbury on Friday, 11 July 2025 at 11:00.

Tenders will be evaluated according to the college's Supply Chain Management Policy. Tenders must be valid and binding for **ninety (90) days** after the closing date. **Prices must include VAT.**

A valid and original tax clearance certificate issued by the South African Revenue Service (SARS) must accompany the tender.

Late or incomplete tenders will not be accepted. Proof of dispatch of a tender will not be regarded as proof of receipt thereof. West Coast College is not obliged to accept the lowest or any tender. The college reserves the right to accept or reject any tender or part thereof and may cancel the tender process and reject all tender offers at any time before the drafting of a contract. West Coast College will not incur any liability to a tenderer for such cancellation and rejection but will give written reasons for such action upon request.

Tender documents are available from Ms. Myrna Parnzee via email at mparenzee@westcoastcollege.co.za or by telephone at 022 482 1143

**MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT**
KENNISGEWING / NOTICE

GOEDGEKEURDE 2024/2025 KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING/ APPROVED 2024/2025 CAPITAL AND OPERATING BUDGET

Kennis geskied hiermee in terme van Regulasie 26 van die Munisipale Begroting en Verslagdoenings- regulasies, 2008, saamgelees met Artikel 21 A van die Munisipale Stelselwet, 2000, dat die tweede aansuiweringsbegroting vir die 2024/2025 finansiële jaar by 'n raadsvergadering gehou op 30 Junie 2025, deur die raad goedgekeur is.

Die goedgekeurde aansuiweringsbegroting, ondersteunende dokumentasie sowel as die besluite is beskikbaar op die munisipale webblad by www.matzikamamun.co.za of by die kantoor van die Direkteur Finansies te Kerkstraat 37, Vredendal, op aanvraag.

Notice is hereby given in terms of Regulation 26 of the Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008, read with Section 21 A of the Municipal Systems Act, 2000, that the second adjustment budget for the 2024/2025 financial year was approved at a council meeting on 30 June 2025, by council.

The approved adjustment budget, supporting documentation as well as the decisions are available on the municipal website at www.matzikamamun.co.za or at the office of the Director Finance at 37 Church Street, Vredendal, on request.

LJ PHILLIP
MUNISIPALE BESTUURDER/
MUNICIPAL MANAGER

KENNISGEWING/ NOTICE:
K01:2025-2026

www.ayendombeng.co.za 154140

POSBUS 98/ PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300
FAKS/ FAX: 027 213 3238

**CEDERBERG**
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF THE SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

NOTICE NO: 156/2025

Notice is hereby given in terms of Section 49 (1) (a) (i) read together with section 78 (2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the "Act", that the supplementary valuation roll for the financial year 1 July 2024 to 30 June 2025 is open for public inspection at the municipal venues listed below, from 26 June 2025 to 08 August 2025.

In addition, the supplementary valuation roll will be available at website: www.cederbergmun.gov.za

An invitation is hereby made in terms of Section 49 (1) (a) (ii) read together with section 78 (2) of the Act that any owner of property or other person who so desires, should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the above mentioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50 (2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such. The form for the lodging of an objection is obtainable at the following address:

- Clanwilliam Administration: 2A Voortrekker Street, Clanwilliam 8135;
- Citrusdal Administration: 12 Muller Street, Citrusdal 7340;
- Lamberts Bay Administration and Library: 42 Church Street, Lamberts Bay 8130;
- Graafwater Administration and Library: 57 Van Der Stel Street, Graafwater 8120;
- Elands Bay Administration and Library: Main Street, Elands Bay 8110;
- Clanwilliam Library: 25 Main Road, Clanwilliam 8135;
- Citrusdal Library: 89 Church Street, Citrusdal 7340; or website www.cederbergmun.gov.za.

The completed objection forms must be returned to the following address above or the following email stanleyw@cederberg.gov.za

Queries can be directed to Mr Stanley Van Rooyen on 027 482 8000 or email stanleyw@cederberg.gov.za

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135

153957 www.ayendombeng.co.za

Stempels

BESKIKBAAR BY
ONS KONTREI
KANTORE,
CENTRALSTRAAT 8
VREDENDAL
TEL: 027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant

SPORT NUUS

4 JULIE 2025

Adverteer dit werk!

Skakel ons kantoor vir meer inligting,
027 213 2074

Hengelaars vang groot vis by Trawal

Berig en foto: Verskaf

TRAWAL: In bibberweer het 18 lede van Namaqua Hengelklub Saterdagoggend, 21 Junie bymekaargekom op Trawal. Die donkie is sommer onmiddellik gestook terwyl daar gesels is oor die dam en die karp. Die koue het ook nie die hengelaars gekeer om gereed te maak vir die kompetisie nie en teen 08:00 het die mellebomme die water getref. Die weer het egter verander in 'n heerlike dag en die visse wat uitgekom het, het gesorg vir groot opwindning. Vir die dag is 20 visse gevang met 'n totale gewig van 104.80 kg ('n gemiddelde gewig van 5.24 kg per vis). Die klubrekord is verbeter deur Jeff Aspeling (7.660 kg) en 3 persoonlike bestes is verbeter deur

Paultjie Liebenberg (7.57 kg), Beanca Liebenberg (7.23 kg) en Linda Oosthuysen (6.010 kg). Die uitslae is soos volg: Eerste is Beanca Liebenberg met 6 visse en 'n totale gewig van 29.48 kg. Tweede is Paultjie Liebenberg met 5 visse en 'n totale gewig van 24.98 kg en derde is Jeff Aspeling met 2 visse en 'n totale gewig van 14.10 kg. Die dag is afgesluit met 'n lekker byeenkoms vir prysuitdeling en natuurlik is die presteerders goed gedoop. Hierdie dag was beslis een vir die boeke in egte Namaqua Hengelklubstyl en die bestuur bedank elkeen wat deel gevorm het van hierdie besonderse dag.



Jeff Aspeling, Paultjie en Beanca Liebenberg.



JP Lampbrecht, Co-han Mouton en Waldonay Solomons.

Hou plaaslike bokkers dop

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: Vier van Gold and Gloves se bokkers het weereens op Saterdag, 28 Junie in die Strand dié klub se naam hoog gehou. Co-han Mouton boks sy eerste, baie aanskoulike geveg en bewys dat hy definitief 'n toekoms in die sport het. Waldonay Solomons boks sy vyfde geveg en wen met 'n tegniese uitklophou in die eerste rondte. Sy prestasie is merkwaardig, want in sy laaste 4 gevegte slaan hy sy teenstanders plat. Solomons is slegs 14 en week maar 52 kg. JP Lampbrecht (17) het sy tweede geveg geboks. Hy doen sy opmars gestand en

wen ook sy opponent in die tweede rondte met 'n tegniese uitklophou. Volgens sy afrigter, Albie van Zyl, is Lampbrecht 'n ongeslypte diamant met 'n blink toekoms. Ziyema Mehlomakhulu (18), 'n jeugbokser van Klawer, boks sy twaalfde geveg teen 'n ervare senior bokser. Sy opponent word in die tweede rondte baie hard geslaan nadat hy in Mehlomakhulu se regter swaaihou inloop. Hy hoor die verpligte telling van agt aan en wen met 'n eenparige punte beslissing. Intussen neem Van Zyl en Anthony Rooi vanaf 1 - 6 Julie in Pretoria deel aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.

Namaqua atlete bly warm dié winter

Berig: Elna Esterhuysen
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: As dit naweek raak, moet die Calitze hulle roer, of hulle tekies val sonder hulle in die pad! Hulle vind elke keer die interessantste, lekkerste wedlope op die hardloopkalender. Van die wedlope wat hulle die afgelope tyd voltooi het, is: Drink Chenin Day Trail Run (10 km): Danie Calitz voltooi dit 01:05:45 en Sharon in 01:06:10. Trailfun #1 Autumn Series (Middel-vlei): Danie voltooi die 10 km in 01:24:46 en Sharon die 21,1 km in 02:34:50. Hulle hardloop ook die Woester Braaifees 20 km Trail Run in Worcester. Danie voltooi dit in 02:58:42 en Sharon in 02:58:29. Namaqua Atletieklklub was ook goed verteenwoordig by die Saldanha Bay Health Run: 21,1 km: Chris Barnard (02:50:34), Lee-Ann Barnard (02:50:38) en Denise Farmer (02:53:15). 10 km: Anro Afrikaner (43:26) en Frieda Barnard (01:43:19). 5 km: Lorenzo Lagorie (35:33). Die Coffee Run op 'n Saterdagoggend verseker dat geen klublid 'n geldige verskoning het om nie te hardloop nie, want na afloop van 'n lekker klub-oefensessie is die saamkuier oor 'n

lekker koppie koffie die spreekwoordelike kersie op die koek. Inskrywings vir die 'groot' wedlope vir die res van vanjaar is vinnig besig om versadigingspunte bereik. Die Gun Run inskrywing is reeds vol, terwyl die Kaapstad Sanlam Marathon (18 en 19 Oktober) en die Sportsmans Warehouse Wine-lands wedlope (29 November) ook byna vol is. Atlete wat nog wil inskryf, sal moet wikel.

Regs is Sharon en Danie Calitz.



Lee-Ann Barnard, Frieda Barnard, Chris Barnard en Denise Farmer.



Anro Afrikaner en Lorenzo Lagorie.

Duiwe vlieg vanaf Carnarvon

Berig: Verskaf

MATZIKAMA/CEDERBERG: Die afgelope naweek se wedvlug was weer vanaf Carnarvon. Die duiwe is om 08:30 in ideale weersomstandighede losgelaat. Die geveerde atlete, wat hul opwagting begin maak het vanaf 12:30, het weer vir uitstekende uitslae gesorg en ook hulle eienaars baie trots gemaak. Die onderskeie klubuitslae is as volg: Graafwater: Davey Zass wen die 1ste vier plekke. Vredendal: Valentine Lofts 1ste, 2de en 3de. Strauss hokke 4de en 5de. Lutzville: Baard hokke 1ste tot 7de en J & S Agenbach 8ste tot 14de. Klawer: Johan Huysamen 1ste, 2de en 4de. Piet Otto 3de, 5de en 6de. Clainwilliam: Spammer 1ste en 4de. Lukas Spammer 2de, 3de en 5de. Davey Zass van Graafwater verower die 1ste twee plekke in die federasie. Valentine Lofts het ook 'n uitstekende naweek gehad en posisies 3, 4 en 5 ingepalm. Die afgelope naweek se prys is deur Lukas Spammer van Clainwilliam gewen. Eerskomende naweek se vlug is vanaf Vosburg en sluit die Rooiduiw, asook R100 Ringwedvlug in.